REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 406 CAPE TOWN, 28 APRIL 1999 KAAPSTAD, 28 APRIL 1999 No. 19971


OFFICE OF THE PRESIDENT

No. 503. 28 April 1999

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 21 of 1999: National Road Traffic Amendment Act, 1999.

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 503. 28 April 1999

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 21 van 1999: Nasionale Padverkeerswysigingswet, 1999.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

__________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 14 April 1999.)*

# ACT

**To amend the National Road Traffic Act, 1996, so as to amend certain definitions and to insert others; to provide that certain functions may be performed by the Shareholders Committee or the chief executive officer of the Road Traffic Management Corporation; to make provision for the appointment of registering authorities and officers, the registration and grading of officers, the suspension and cancellation of the registration of officers and the powers and duties of officers; to provide that all motor vehicles must be registered and licensed; to provide that manufacturers of number plates must be registered; to make provision for the registration and grading of driving licence testing centres; to change the name of the national inspectorate of driving licence testing centres to the inspectorate of driving licence testing centres; to provide that a driving licence that has been included in an identity document lapses on a date fixed by the Minister of Transport; to provide for the registration and grading of instructors; to provide that a void driving licence must be submitted to the inspectorate of driving licence testing centres instead of to the MEC; to provide for the registration and grading of testing stations; to change the name of the national inspectorate of testing stations to the inspectorate of testing stations; to provide for a right of appeal to the Shareholders Committee, and to the chief executive officer, of the said Corporation; to empower local authorities to make by-laws; to repeal the whole of the National Road Safety Act, 1972; and to make provision for incidental matters.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 93 of 1996, as amended by section 1 of Act 8 of 1998**

**1.** Section 1 of the National Road Traffic Act, 1996 (hereinafter referred to as the "principal Act"), is amended—

(*a*) by inserting the following definition after the definition of "articulated motor vehicle":

" 'authorised officer' means an inspector of licences, examiner of vehicles, examiner for driving licences or traffic officer, and also any other person declared by the Minister by regulation to be an authorised officer, from time to time;";

(*b*) by inserting the following definition after the definition of "certification of roadworthiness":

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

---

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 14 April 1999.)*

# WET

**Tot wysiging van die Nasionale Padverkeerswet, 1996, ten einde sekere omskrywings te wysig en ander in te voeg; te bepaal dat sekere werksaamhede deur die Aandeelhouerskomitee of die hoof- uitvoerende beampte van die Padverkeersbestuurskorporasie verrig kan word; voorsiening te maak vir die aanstelling van registrasie-owerhede en beamptes, die registrasie en gradering van beamptes, die opskorting en intrekking van die registrasie van beamptes en die bevoegdhede en pligte van beamptes; te bepaal dat alle motorvoertuie geregistreer en gelisensieer moet wees; te bepaal dat vervaardigers van nommerplate geregistreer moet word; voorsiening te maak vir die registrasie en gradering van bestuurslisensietoetssentrums; die naam van die nasionale inspektoraat van bestuurslisensietoetssentrums te verander na die inspektoraat van bestuurslisensie-toetssentrums; te bepaal dat 'n bestuurslisensie wat in 'n identiteitsdokument opgeneem is, verval op 'n datum deur die Minister van Vervoer bepaal; voorsiening te maak vir die registrasie en gradering van instrukteurs; te bepaal dat 'n nietige bestuurslisensie aan die inspektoraat van bestuurslisensie-toetssentrums, in plaas van die LUR, voorgelê moet word; voorsiening te maak vir die registrasie en gradering van toetsstasies; die naam van die nasionale inspektoraat van toetsstasies te verander na die inspektoraat van toetsstasies; voorsiening te maak vir 'n reg van appèl na die Aandeelhouerskomitee en na die hoof- uitvoerende beampte van genoemde Korporasie; plaaslike owerhede te magtig om verordeninge te maak; en die bepaling oor die toedeling van boetes te herroep; om die geheel van die Wet op Nasionale Verkeersveiligheid, 1972, te herroep; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 93 van 1996, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 8 van 1998**

**1.** Artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (hieronder die "Hoofwet" genoem), word gewysig—

*(a)* deur voor die omskrywing van "ambulans" die volgende omskrywing in te voeg:

" 'Aandeelhouerskomitee' die Aandeelhouerskomitee ingestel by artikel 6 van die Wet op die Padverkeersbestuurskorporasie, 1999;";

*(b)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "gelede motorvoertuig" in te voeg:

" 'chief executive officer' means the chief executive officer of the Corporation appointed in terms of section 15 of the Road Traffic Management Corporation Act, 1999;";

*(c)* by inserting the following definition after the definition of "Convention":

" 'Corporation' means the Road Traffic Management Corporation, established by section 3 of the Road Traffic Management Corporation Act, 1999;";

*(d)* by the substitution for the definition of "examiner for driving licences" of the following definition:

" 'examiner for driving licences' means an examiner for driving licences **[registered and]** appointed and registered in terms of **[the laws of any province]** sections 3A and 3C, respectively;";

*(e)* by the substitution for the definition of "examiner of vehicles" of the following definition:

" 'examiner of vehicles' means an examiner of vehicles **[registered and]** appointed and registered in terms of **[the laws of any province]** sections 3A and 3C, respectively;";

*(f)* by the substitution for the definition of "inspector of licences" of the following definition:

" 'inspector of licences' means an inspector of licences appointed and registered in terms of **[the laws of any province]** sections 3A and 3C, respectively;";

*(g)* by the substitution for the definition of "instructor" of the following definition:

" 'instructor' means any person who for direct reward—

*(a)* instructs any other person in the driving of a motor vehicle;

*(b)* teaches any other person the rules of the road or road traffic signs in order to obtain a learner's or a driver's licence;";

*(h)* by the substitution for the definition of "peace officer" of the following definition:

" 'peace officer' means a traffic officer and also a traffic warden appointed in terms of **[the laws of any province]** section 3A;";

*(i)* by the substitution for the definition of "registering authority" of the following definition:

" 'registering authority' means a registering authority appointed as such in accordance with **[the laws of any province]** section 3;";

*(j)* by inserting the following definition after the definition of "semi-trailer":

" 'Shareholders Committee' means the Shareholders Committee established by section 6 of the Road Traffic Management Corporation Act, 1999;"; and

*(k)* by the substitution for the definition of "traffic officer" of the following definition:

" 'traffic officer' means a traffic officer appointed in terms of **[the laws of any province]** section 3A, and any member of the Service, and any member of a municipal police service, both as defined in section 1 of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995), and for the purposes of Chapters V, IX and X and sections 74 and 78 of this Act, includes a peace officer;".

**Substitution of section 3 of Act 93 of 1996**

**2.** The following sections are substituted for section 3 of the principal Act:

**"Appointment of registering authorities**

**3.** (1) For the purposes of this Act, the Shareholders Committee shall, in consultation with the relevant MEC and by notice in the *Gazette*, appoint a registering authority for the area and on the conditions it determines from time to time.

(2) The Shareholders Committee, in consultation with the relevant MEC, may combine the area of any registering authority or any portion thereof with the area of another registering authority, may divide the area of a

" 'gemagtigde beampte' 'n inspekteur van lisensies, ondersoeker van voertuie, toetsbeampte vir bestuurslisensies of verkeersbeampte, en ook enige ander persoon wat die Minister van tyd tot tyd by regulasie tot gemagtigde beampte verklaar;";

*(c)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "hierdie Wet" in te voeg:

" 'hoof- uitvoerende beampte' die hoof- uitvoerende beampte van die Korporasie aangestel ingevolge artikel 15 van die Wet op die Padverkeersbestuurskorporasie, 1999;";

*(d)* deur die omskrywing van "inspekteur van lisensies" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'inspekteur van lisensies' 'n inspekteur van lisensies **[ingevolge die wette van enige provinsie]** aangestel en geregistreer, onderskeidelik ingevolge artikels 3A en 3C;";

*(e)* deur die omskrywing van "instrukteur" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'instrukteur' iemand wat teen regstreekse of onregstreekse beloning—

*(a)* enige ander persoon in die bestuur van 'n motorvoertuig onderrig; of

*(b)* enige ander persoon die padreëls of padverkeerstekens leer ten einde 'n leerling- of bestuurslisensie te bekom;";

*(f)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "Konvensie" in te voeg:

" 'Korporasie' die Padverkeersbestuurskorporasie, ingestel by artikel 3 van die Wet op die Padverkeersbestuurskorporasie, 1999;";

*(g)* deur die omskrywing van "ondersoeker van voertuie" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'ondersoeker van voertuie' 'n ondersoeker van voertuie ingevolge **[die wette van enige provinsie geregistreer en]** onderskeidelik artikels 3A en 3C aangestel en geregistreer;";

*(h)* deur die omskrywing van "registrasie-owerheid" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'registrasie-owerheid' 'n registrasie-owerheid as sodanig ooreenkomstig **[die wette van enige provinsie]** artikel 3 aangestel;";

*(i)* deur die omskrywing van "toetsbeampte vir bestuurslisensies" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'toetsbeampte vir bestuurslisensies' 'n toetsbeampte vir bestuurslisensies **[geregistreer en]** aangestel en geregistreer ingevolge, onderskeidelik, artikels 3A en 3C;";

*(j)* deur die omskrywing van "verkeersbeampte" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'verkeersbeampte' 'n verkeersbeampte ingevolge **[die wette van enige provinsie]** artikel 3A aangestel, en enige lid van die Diens, en enige lid van 'n munisipale polisiediens, beide soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995), en by die toepassing van Hoofstukke V, IX en X en artikels 74 en 78 van hierdie Wet, ook 'n vredesbeampte;"; en

*(k)* deur die omskrywing van "vredesbeampte" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'vredesbeampte' 'n verkeersbeampte en ook 'n verkeersopsigter wat ingevolge **[die wette van enige provinsie]** artikel 3A aangestel is;".

**Vervanging van artikel 3 van Wet 93 van 1996**

**2.** Artikel 3 van die Hoofwet word deur die volgende artikels vervang:

**"Aanstelling van registrasie-owerhede**

**3.** (1) By die toepassing van hierdie Wet stel die Aandeelhouerskomitee, in oorleg met die betrokke LUR en by kennisgewing in die *Staatskoerant*, 'n registrasie-owerheid aan vir die gebied en op die voorwaardes wat hy van tyd tot tyd bepaal.

(2) Die Aandeelhouerskomitee, in oorleg met die betrokke LUR, kan die gebied van 'n registrasie-owerheid of enige gedeelte daarvan by die gebied van 'n ander registrasie-owerheid voeg, kan die gebied van 'n registrasie-

registering authority into areas for two or more registering authorities, and may appoint a registering authority for a new area.

(3) Where, from or after a specific date, a registering authority, in this subsection referred to as a new registering authority, becomes the registering authority for an area previously under the jurisdiction of another registering authority, including a registering authority appointed under a repealed law or ordinance, any reference in this Act or a repealed law or ordinance to such other registering authority shall, from or after such date, be construed as a reference to such new registering authority.

(4) The powers and duties conferred or imposed upon a registering authority by or in terms of this Act shall be exercised or performed on behalf of that registering authority by the persons authorised thereto by the registering authority.

(5) If the Shareholders Committee decides that circumstances warrant such a step, the chief executive officer may execute the functions, or appoint an agent to execute the functions, of a registering authority whose service delivery, collection of payment or management fall short of the standards set in respect of business groups by the Road Traffic Management Corporation Act, 1999.

**Appointment of officers**

**3A.** (1) For the purposes of this Act—

*(a)* the chief executive officer may, upon such conditions as he or she may determine, appoint as many persons as—
   (i) inspectors of licences;
   (ii) examiners of vehicles;
   (iii) examiners for driving licences;
   (iv) traffic officers; and
   (v) traffic wardens,

   as he or she may deem expedient;

*(b)* an MEC may, upon the conditions set by the chief executive officer, appoint for the province concerned as many persons as—
   (i) inspectors of licences;
   (ii) examiners of vehicles;
   (iii) examiners for driving licences;
   (iv) traffic officers; and
   (v) traffic wardens,

   as he or she may deem expedient;

*(c)* a local authority which is a registering authority may, upon the conditions set by the chief executive officer, appoint for its area as many persons as—
   (i) inspectors of licences;
   (ii) examiners of vehicles; and
   (iii) examiners for driving licences,

   as it may deem expedient;

*(d)* any local authority or two or more local authorities may jointly appoint for its area or for their areas jointly, as the case may be, upon the conditions set by the chief executive officer, as many persons as traffic officers or reserve traffic officers as may be reasonably necessary, and such officers shall function within such area or areas;

*(e)* any local authority may appoint persons as traffic wardens or as reserve traffic wardens to exercise or perform within its area such powers and duties of a traffic officer as the MEC may determine: Provided that the MEC may—
   (i) make different determinations in respect of different categories of traffic wardens; and
   (ii) either generally or specifically, impose conditions with regard to the exercise or performance of such powers and duties; and

*(f)* any person or institution determined by the chief executive officer by

owerheid in gebiede vir twee of meer registrasie-owerhede verdeel en kan 'n registrasie-owerheid vir 'n nuwe gebied aanstel.

(3) Waar 'n registrasie-owerheid, in hierdie subartikel 'n nuwe registrasie-owerheid genoem, vanaf of na 'n bepaalde datum die registrasie-owerheid word vir 'n gebied voorheen onder die jurisdiksie van 'n ander registrasie-owerheid, met inbegrip van 'n registrasie-owerheid aangestel kragtens 'n herroepe wet of ordonnansie, word 'n verwysing in hierdie Wet of 'n herroepe wet of ordonnansie na daardie ander registrasie-owerheid vanaf of na daardie datum vertolk as 'n verwysing na die nuwe registrasie-owerheid.

(4) Die bevoegdhede en pligte by of ingevolge hierdie Wet aan 'n registrasie-owerheid verleen of opgelê, word namens daardie registrasie-owerheid uitgeoefen of verrig deur die persone wat deur die registrasie-owerheid daartoe gemagtig word.

(5) Indien die Aandeelhouerskomitee besluit dat omstandighede sodanige stap regverdig, kan die hoof- uitvoerende beampte die funksies uitvoer, of 'n agent aanstel om die funksies uit te voer, van 'n registrasie-owerheid waarvan die dienslewering, invordering van betaling of bestuur, nie beantwoord aan die standaarde ten opsigte van besigheidsgroepe nie, wat bepaal is in die Wet op die Padverkeersbestuurskorporasie, 1999.

**Aanstelling van beamptes**

**3A.** (1) By die toepassing van hierdie Wet—

*(a)* kan die hoof- uitvoerende beampte, op die voorwaardes wat hy of sy bepaal, soveel persone as—
 (i) inspekteurs van lisensies;
 (ii) ondersoekers van voertuie;
 (iii) toetsbeamptes vir bestuurslisensies;
 (iv) verkeersbeamptes; en
 (v) verkeersopsigters,
 aanstel as wat hy of sy dienstig ag;

*(b)* kan 'n LUR, op die voorwaardes wat die hoof- uitvoerende beampte bepaal, vir die betrokke provinsie soveel persone as—
 (i) inspekteurs van lisensies;
 (ii) ondersoekers van voertuie;
 (iii) toetsbeamptes vir bestuurslisensies;
 (iv) verkeersbeamptes; en
 (v) verkeersopsigters,
 aanstel as wat hy of sy dienstig ag;

*(c)* kan 'n plaaslike owerheid wat 'n registrasie-owerheid is, op die voorwaardes wat die hoof- uitvoerende beampte bepaal, vir sy gebied soveel persone as—
 (i) inspekteurs van lisensies;
 (ii) ondersoekers van voertuie; en
 (iii) toetsbeamptes vir bestuurslisensies,
 aanstel as wat hy dienstig ag;

*(d)* kan enige plaaslike owerheid of twee of meer plaaslike owerhede gesamentlik, op die voorwaardes wat die hoof- uitvoerende beampte bepaal, vir sy gebied of vir hulle gebiede gesamentlik, na gelang van die geval, soveel persone as verkeersbeamptes of reserwe-verkeersbeamptes aanstel as wat redelikerwys noodsaaklik is, en sodanige beamptes tree op binne daardie gebied of gebiede;

*(e)* kan enige plaaslike owerheid persone as verkeersopsigters of reserwe-verkeersopsigters aanstel om binne sy gebied die bevoegdhede en pligte van 'n verkeersbeampte wat die LUR bepaal, uit te oefen of te verrig: Met dien verstande dat die LUR—
 (i) verskillende bepalings met betrekking tot verskillende kategorieë verkeersopsigters kan maak; en
 (ii) óf in die algemeen óf in die besonder, voorwaardes met betrekking tot die uitoefening of uitvoering van sodanige bevoegdhede en pligte kan oplê;

*(f)* kan 'n persoon of instansie deur die hoof- uitvoerende beampte by

notice in the *Gazette*, may, on the conditions and for the areas determined in the notice, appoint any person as an examiner of vehicles or as an examiner for driving licences.

(2) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Act or any other law, the chief executive officer may, in consultation with the MEC or local authority concerned, as the case may be, determine that some or all traffic officers and reserve traffic officers appointed by such MEC or local authority, may function within an area or areas determined by the chief executive officer.

(3) No person shall be appointed under subsection (1) as an authorised officer unless he or she has been graded and registered in the prescribed manner: Provided that any person who is not so graded and registered may be appointed once on probation as an authorised officer for a period not exceeding 12 months or for the further period approved by the MEC on the understanding that it is a condition of appointment that such person during that probation period complies with the competency and registration requirements prescribed for the specific appointment category.

(4) Any person appointed under subsection (1) as an authorised officer, shall upon his or her appointment be issued with a certificate of appointment by the chief executive officer, MEC concerned, local authority, person or institution appointing him or her, as the case may be.

(5) An authorised officer shall not exercise any power or perform any duty unless he or she is in possession of his or her certificate of appointment.

(6) An authorised officer shall produce his or her certificate of appointment at the request of any person having a material interest in the matter concerned.

**Application for registration as inspector of licences, examiner of vehicles, examiner for driving licences or traffic officer**

**3B.** (1) Any person desiring to be registered as—

*(a)* an inspector of licences;

*(b)* an examiner of vehicles;

*(c)* an examiner for driving licences; or

*(d)* a traffic officer,

shall apply in the prescribed manner to the chief executive officer.

(2) An application referred to in subsection (1) shall be accompanied by the prescribed fees.

**Registration and grading of officers**

**3C.** (1) The chief executive officer shall, if satisfied that a person referred to in section 3B complies with the prescribed competency and registration requirements in respect of the specific application category, register such person in the prescribed manner: Provided that the chief executive officer shall grade an examiner of vehicles or an examiner for driving licences according to his or her qualifications in the prescribed manner.

(2) No person shall be registered or remain registered in terms of subsection (1) as—

*(a)* an examiner of vehicles if he or she has or acquires a direct or indirect financial interest in the manufacturing, selling, rebuilding, repairing or modifying of motor vehicles; or

*(b)* an inspector of licences, an examiner for driving licences or a traffic officer if he or she, or through his or her spouse or partner has or acquires a direct or indirect financial or other related interest in any driving school or in the training or instruction of or supervision of learner drivers:

kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal, op die voorwaardes en vir die gebied in die kennisgewing bepaal, enige persoon as 'n ondersoeker van voertuie of as toetsbeampte vir bestuurslisensies aanstel.

(2) Ondanks enigiets tot die teendeel in hierdie Wet of enige ander wet vervat, kan die hoof- uitvoerende beampte in oorleg met die betrokke LUR of plaaslike owerheid, na gelang van die geval, bepaal dat sekere of al die verkeersbeamptes en reserwe-verkeersbeamptes aangestel deur sodanige LUR of plaaslike owerheid, binne die gebied of gebiede deur die hoof-uitvoerende beampte bepaal, kan optree.

(3) Niemand mag kragtens subartikel (1) as 'n gemagtigde beampte aangestel word nie, tensy hy of sy gegradeer en geregistreer is ingevolge hierdie Wet: Met dien verstande dat iemand wat nie aldus gegradeer en geregistreer is nie, een keer op proef as 'n gemagtigde beampte aangestel kan word vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande of vir die verdere tydperk wat die LUR goedkeur, mits dit 'n aanstellingsvoorwaarde is dat so iemand gedurende daardie proeftydperk voldoen aan die bevoegdheids- en registrasievereistes wat vir die spesifieke kategorie aanstelling voorgeskryf is.

(4) Iemand wat kragtens subartikel (1) as 'n gemagtigde beampte aangestel word, word deur die hoof- uitvoerende beampte, betrokke LUR, plaaslike owerheid, persoon of instansie wat hom of haar aanstel, na gelang van die geval, by sy of haar aanstelling met 'n aanstellingsertifikaat uitgereik.

(5) 'n Gemagtigde beampte oefen nie 'n bevoegdheid uit nie of verrig nie 'n plig nie tensy hy of sy in besit is van sy of haar aanstellingsertifikaat.

(6) 'n Gemagtigde beampte moet sy of haar aanstellingsertifikaat toon op versoek van enige persoon wat 'n wesenlike belang by die betrokke saak het.

**Aansoek om registrasie as inspekteur van lisensies, ondersoeker van voertuie, toetsbeampte vir bestuurslisensies of verkeersbeampte**

**3B.** (1) Iemand wat geregistreer wil word as—
*(a)* 'n inspekteur van lisensies;
*(b)* 'n ondersoeker van voertuie;
*(c)* 'n toetsbeampte vir bestuurslisensies; of
*(d)* 'n verkeersbeampte,

moet op die voorgeskrewe wyse by die hoof- uitvoerende beampte daarom aansoek doen.

(2) 'n Aansoek in subartikel (1) bedoel, gaan van die voorgeskrewe gelde vergesel.

**Registrasie en gradering van beamptes**

**3C.** (1) Indien die hoof- uitvoerende beampte oortuig is dat iemand in artikel 3B beoog aan die voorgeskrewe bevoegdheids- en registrasievereistes met betrekking tot die spesifieke kategorie aansoek voldoen, registreer hy of sy daardie persoon op die voorgeskrewe wyse: Met dien verstande dat die hoof- uitvoerende beampte, by die registrasie van 'n ondersoeker van voertuie of 'n toetsbeampte vir bestuurslisensies, sodanige ondersoeker of toetsbeampte ooreenkomstig sy of haar kwalifikasies op die voorgeskrewe wyse gradeer.

(2) Niemand word ingevolge subartikel (1) geregistreer of bly geregistreer as—

*(a)* 'n ondersoeker van voertuie nie indien hy of sy óf regstreeks óf onregstreeks 'n geldelike belang het of verkry by die vervaardiging, verkoop, herbou, herstel of vernuwing van motorvoertuie; of
*(b)* 'n inspekteur van lisensies, 'n toetsbeampte vir bestuurslisensies of 'n verkeersbeampte nie indien hy of sy, óf regstreeks óf onregstreeks, self of deur sy of haar eggenoot of vennoot enige geldelike of verbandhoudende belang het of verkry in enige bestuurskool of in die opleiding of onderrig van of toesig oor leerlingbestuurders:

Provided that the chief executive officer may register a person in terms of subsection (1) notwithstanding the provisions of this subsection.

(3) Any act by a person in the execution of his or her powers or in the performance of his or her duties whilst he or she was incompetent by reason of the provisions of subsection (2), shall not be invalid for such reason only.

(4) Any person registered as a traffic officer for a province in terms of subsection (1), shall be deemed to be registered for any other province.

**Minimum requirements for registration as inspector of licences, examiner of vehicles, examiner for driving licences and traffic officer**

**3D.** (1) The minimum requirements for registration as an inspector of licences, an examiner of vehicles, an examiner for driving licences or a traffic officer, as the case may be, shall be that the applicant—

*(a)* has obtained an appropriate diploma at a training centre approved by the Shareholders Committee;
*(b)* is a fit and proper person to be registered as such; and
*(c)* in the case of a traffic officer, has undergone training in relation to the laws applicable to the transportation of dangerous goods:

Provided that a person appointed before—

(i) 1 January 1992 in terms of a repealed ordinance or section 3(1) of the Road Traffic Act, 1989 (Act No. 29 of 1989); or
(ii) the commencement of this Act in terms of any road traffic law contemplated in item 2 of Schedule 6 to the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (Act No. 108 of 1996),

as an inspector of licences, an examiner of vehicles, an examiner for driving licences or a traffic officer, as the case may be, shall be deemed to have complied with the provisions of this subsection.

(2) The diploma referred to in subsection (1)*(a)* shall—

*(a)* in the case of an examiner of vehicles, indicate the classes of motor vehicles he or she is qualified to inspect, examine and test; or
*(b)* in the case of an examiner for driving licences, indicate the codes of learner's licences and driving licences for which a person may be examined and tested by such examiner.

(3) The chief executive officer shall grade an examiner of vehicles or an examiner for driving licences as prescribed.

**Suspension and cancellation of registration of officer**

**3E.** (1) The inspectorate of driving licence testing centres or the inspectorate of testing stations, respectively, may for the period that it deems fit and in the manner prescribed, suspend or cancel the registration of an examiner for driving licences, or an examiner of vehicles, if—

*(a)* in the opinion of the inspectorate such person is guilty of misconduct in the exercise of his or her powers or the performance of his or her duties;
*(b)* such person stopped functioning as an officer for a period of 12 successive months;
*(c)* such person has not attended an appropriate refresher course within the prescribed time at a training centre approved by the Shareholders Committee; or
*(d)* in the opinion of the inspectorate concerned, the performance record of such person indicates that he or she is incompetent to exercise or perform the powers or duties of an officer of the category in which he or she is registered.

Met dien verstande dat die hoof- uitvoerende beampte ondanks die bepalings van hierdie subartikel iemand ingevolge subartikel (1) kan registreer.

(3) Enige handeling verrig deur iemand in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of uitvoering van sy of haar pligte terwyl hy of sy uit hoofde van die bepalings van subartikel (2) onbevoeg vir registrasie was, is nie bloot om daardie rede ongeldig nie.

(4) Iemand wat ingevolge subartikel (1) as 'n verkeersbeampte vir 'n provinsie geregistreer is, word geag vir enige ander provinsie geregistreer te wees.

**Minimum vereistes vir registrasie as inspekteur van lisensies, ondersoeker van voertuie, toetsbeampte vir bestuurslisensies en verkeersbeampte**

**3D.** (1) Die minimum vereistes vir registrasie as 'n inspekteur van lisensies, 'n ondersoeker van voertuie, 'n toetsbeampte vir bestuurslisensies of 'n verkeersbeampte, na gelang van die geval, is dat die aansoeker—

*(a)* 'n toepaslike diploma by 'n opleidingsentrum wat deur die Aandeelhouerskomitee goedgekeur is, verwerf het;

*(b)* 'n geskikte en bevoegde persoon is om as sodanig geregistreer te word; en

*(c)* in die geval van 'n verkeersbeampte, opleiding met betrekking tot die wette van toepassing op die vervoer van gevaarlike goedere ondergaan het:

Met dien verstande dat 'n persoon wat voor—

(i) 1 Januarie 1992 ingevolge 'n herroepe ordonnansie of artikel 3(1) van die Padverkeerswet, 1989 (Wet No. 29 van 1989); of

(ii) die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge 'n padverkeerswet beoog in item 2 van Bylae 6 by die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996),

as 'n inspekteur van lisensies, 'n ondersoeker van voertuie, 'n toetsbeampte vir bestuurslisensies of 'n verkeersbeampte, na gelang van die geval, aangestel is, geag word aan die bepalings van hierdie subartikel te voldoen het.

(2) Die diploma in subartikel (1)*(a)* bedoel, moet—

*(a)* in die geval van 'n ondersoeker van voertuie, die klasse van motorvoertuie aandui wat hy of sy bevoeg is om te inspekteer, ondersoek en toets; of

*(b)* in die geval van 'n toetsbeampte vir bestuurslisensies, die kodes van leerlinglisensies en bestuurslisensies aandui waarvoor 'n persoon deur sodanige toetsbeampte ondersoek of getoets kan word.

(3) Die hoof- uitvoerende beampte gradeer 'n ondersoeker van voertuie of 'n toetsbeampte vir bestuurslisensies soos voorgeskryf.

**Opskorting en intrekking van registrasie van beampte**

**3E.** (1) Die inspektoraat van bestuurslisensie-toetssentrums of die inspektoraat van toetsstasies kan op die voorgeskrewe wyse die registrasie van onderskeidelik 'n toetsbeampte vir bestuurslisensies of ondersoeker van voertuie, vir die tydperk wat hy goedvind, opskort of dit intrek indien—

*(a)* daardie persoon na die mening van die betrokke inspektoraat aan wangedrag skuldig is met betrekking tot die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of die verrigting van sy of haar pligte;

*(b)* daardie persoon vir 'n tydperk van 12 opeenvolgende maande opgehou het om as 'n beampte op te tree;

*(c)* daardie persoon nie 'n toepaslike opknappingskursus by 'n opleidingsentrum wat deur die Aandeelhouerskomitee goedgekeur is, binne 'n voorgeskrewe tydperk bygewoon het nie; of

*(d)* die prestasielys van so 'n persoon na die mening van die betrokke inspektoraat aantoon dat hy of sy onbevoeg is om die bevoegdhede of pligte van 'n beampte van die kategorie waarin hy of sy geregistreer is, uit te oefen of te verrig.

(2) The chief executive officer may for the period that he or she deems fit and in the manner prescribed, suspend or cancel the registration of a traffic officer or inspector of licences if any of the circumstances referred to in subsection (1)*(a)* to *(d)* exist.

(3) The registration of a person referred to in subsection (1) or (2) may only be suspended or cancelled after such person has had the opportunity to make representations in writing and to show cause, within the period determined by the chief executive officer, which period shall not be less than 21 days, why the registration should not be suspended or cancelled.

(4) Any person adversely affected by the decision of the inspectorate referred to in subsection (1) or the chief executive officer referred to in subsection (2) may, within 21 days after he or she became aware of the decision, request the inspectorate or chief executive officer, as the case may be, to give reasons in writing for its, his or her decision.

(5) If the registration of a person is suspended or cancelled in terms of this section, that person shall forthwith return his or her registration document to the chief executive officer, who shall keep such document for the period of suspension, or cancel such document, as the case may be.

**Powers and duties of inspector of licences**

**3F.** In addition to the powers and duties conferred upon him or her or under this Act, an inspector of licences may, subject to the provisions of this Act or any other law—

*(a)* by notice in writing as prescribed, direct the owner, operator, driver or person in charge of any vehicle, wherever found, which in his or her opinion does not comply with the requirements for roadworthiness certification provided for in this Act or in any other law, to produce such vehicle for inspection, examination or testing to an appropriately graded testing station for such class of vehicle at a time and place specified in such notice;

*(b)* in respect of any motor vehicle, demand from the title holder, owner, operator or driver thereof the production of any document which such person is required to have in respect of that motor vehicle in terms of this Act or any other law, or any like document issued by a competent authority outside the Republic;

*(c)* require from any instructor—

(i) where such instructor is engaged in teaching or instructing another person in the driving of a motor vehicle, forthwith; or

(ii) where such instructor is not so engaged, within seven days,

to produce evidence of his or her registration;

*(d)* examine any motor vehicle in order to satisfy himself or herself that it is the motor vehicle in respect of which a document referred to in paragraph *(b)* was issued;

*(e)* impound any document referred to in paragraph *(b)* which appears to be or which the officer suspects to be invalid or which has been or appears to have been unlawfully altered or defaced or which is being put to unlawful use, and where any document is so impounded, the inspector shall issue a receipt in respect thereof to the person concerned;

*(f)* require the owner, operator or driver or person in charge of any vehicle forthwith to furnish his or her name and address, and give any other particulars required as to his or her identification, and where applicable, immediately to produce a professional driving permit;

*(g)* demand from any person immediately to produce a licence or any other prescribed authorisation authorising him or her to drive a motor vehicle, and to produce any other document which he or she is

(2) Die hoof- uitvoerende beampte kan op die voorgeskrewe wyse die registrasie van 'n verkeersbeampte of inspekteur van lisensies, vir die tydperk wat hy of sy goedvind opskort, of dit intrek, indien enige van die omstandighede bedoel in subartikel (1)*(a)* tot *(d)* voorkom.

(3) Die registrasie van 'n persoon bedoel in subartikel (1) of (2) kan slegs opgeskort of ingetrek word nadat sodanige persoon die geleentheid gehad het om geskrewe vertoë te rig en redes aan te voer, binne die tydperk bepaal deur die hoof- uitvoerende beampte, welke tydperk nie korter as 21 dae moet wees nie, waarom die registrasie nie opgeskort of ingetrek moet word nie.

(4) Enige persoon wat nadelig geraak word deur die besluit van die inspektoraat bedoel in subartikel (1) of die hoof- uitvoerende beampte bedoel in subartikel (2), kan binne 21 dae nadat hy of sy bewus geword het van die besluit, die inspektoraat of die hoof- uitvoerende beampte, na gelang van die geval, versoek om geskrewe redes te verskaf vir sy of haar besluit.

(5) Indien 'n persoon se registrasie opgeskort of ingetrek word ingevolge hierdie artikel, moet daardie persoon onverwyld sy of haar registrasiedokument aan die hoof- uitvoerende beampte teruggee, wat sodanige dokument moet hou vir die tydperk waarvoor dit opgeskort is, of sodanige dokument moet intrek, na gelang van die geval.

**Bevoegdhede en pligte van inspekteur van lisensies**

**3F.** Benewens die bevoegdhede en pligte by of kragtens hierdie Wet aan hom of haar verleen, kan 'n inspekteur van lisensies behoudens die bepalings van hierdie Wet of enige ander wet—

*(a)* by skriftelike kennisgewing soos voorgeskryf, die eienaar, operateur, bestuurder of persoon in beheer van enige voertuig, waar dit ook al gevind word, wat na sy of haar mening nie voldoen nie aan die vereistes vir sertifisering van padwaardigheid waarvoor in hierdie Wet of enige ander wet voorsiening gemaak word, gelas om daardie voertuig vir inspeksie, ondersoek of toets na 'n toepaslik gegradeerde toetsstasie vir daardie klas voertuig te bring, op 'n tyd en plek wat in die kennisgewing gemeld word;

*(b)* ten opsigte van enige motorvoertuig, van die titelhouer, eienaar, operateur of bestuurder daarvan die voorlegging vereis van 'n dokument wat so iemand ten opsigte van daardie motorvoertuig ingevolge hierdie Wet of enige ander wet moet hê, of enige soortgelyke dokument wat deur 'n bevoegde gesag buite die Republiek uitgereik is;

*(c)* van 'n instrukteur vereis om—

(i) waar daardie instrukteur besig is met die onderrig of opleiding van 'n ander persoon in die bestuur van 'n motorvoertuig, onverwyld; of

(ii) waar die instrukteur nie aldus besig is nie, binne sewe dae,

bewys te lewer van sy of haar registrasie;

*(d)* enige motorvoertuig ondersoek ten einde hom of haarself daarvan te vergewis of dit die motorvoertuig is ten opsigte waarvan 'n dokument genoem in paragraaf *(b)* uitgereik is;

*(e)* beslag lê op enige dokument genoem in paragraaf *(b)* wat ongeldig blyk te wees of ten opsigte waarvan die inspekteur vermoed dat dit ongeldig is, of wat wederregtelik verander of ontsier is of blyk te wees, of wat wederregtelik gebruik word, en waar daar op enige dokument aldus beslag gelê word, moet die inspekteur 'n kwitansie ten opsigte daarvan aan die betrokke persoon uitreik;

*(f)* van die eienaar, operateur of bestuurder of persoon in beheer van 'n voertuig vereis om onverwyld sy of haar naam en adres, en enige ander besonderhede wat vir sy of haar identifikasie nodig is, te verstrek, en waar van toepassing, onverwyld 'n professionele bestuurspermit te toon;

*(g)* van enige persoon vereis om 'n lisensie of 'n ander voorgeskrewe magtiging wat daardie persoon magtig om 'n motorvoertuig te bestuur onmiddellik aan hom of haar voor te lê, en om enige ander

required to have in respect of any motor vehicle in terms of this Act or any other law;

*(h)* impound any licence or document produced to him or her in terms of paragraph *(g)* which in his or her opinion may afford evidence of a contravention or evasion of any provision of this Act or any other law, and where any licence or document is so impounded, the inspector shall issue a receipt in respect thereof to the person concerned;

*(i)* require any person, whether or not this person is in a vehicle, to furnish his or her name and address and to give other particulars required as to his or her identification, as well as such information as is within his or her power to furnish and which may lead to the identification of the owner, operator or driver of the vehicle concerned;

*(j)* require any person to furnish him or her with any information as is within the power of such person to furnish and which may lead to the identification of the driver, owner, operator or person in charge of a vehicle at any time or during any period; or

*(k)* at any reasonable time, having regard to the circumstances of the case, without prior notice, and in the exercise of any power or the performance of any duty which he or she is in terms of this Act or any other law authorised or required to exercise or perform, enter any premises on which he or she has reason to believe that any vehicle is kept.

**Powers and duties of examiner of vehicles**

**3G.** (1) An examiner of vehicles may inspect, examine or test any vehicle in order to determine whether it is roadworthy and for that purpose may dismantle the vehicle or any part thereof or its equipment or accessories: Provided that the examiner shall reassemble any vehicle so dismantled, or shall cause any vehicle so dismantled to be reassembled, to the same condition in which it was before it was dismantled unless the person in charge of the vehicle requests him or her not to do so.

(2) An examiner of vehicles may drive any vehicle when necessary in the performance of his or her duties, if, in the case of a motor vehicle, he or she is licensed to drive a motor vehicle of the class concerned.

**Powers and duties of examiner for driving licences**

**3H.** (1) An examiner for driving licences shall test any applicant for a learner's or driving licence in the manner and in regard to the matters as prescribed, in order to determine whether the applicant is fit and competent to obtain a learner's or driving licence for the class of vehicle for which he or she applies.

(2) No examiner for driving licences shall test an applicant for a driving licence in terms of this Act unless the examiner himself or herself is licensed to drive a vehicle of the class for which the applicant applies to obtain a driving licence or of the class prescribed.

**Powers and duties of traffic officer**

**3I.** In addition to the powers and duties conferred upon him or her or under this Act, a traffic officer may, subject to the provisions of this Act or any other law—

*(a)* exercise or perform any of the powers or duties conferred upon an inspector of licences under section 3F;

*(b)* when in uniform, require the driver of any vehicle to stop such vehicle;

*(c)* inspect and test or cause to be inspected and tested by a person whom he or she considers competent to do so, any part and the functioning of

dokument voor te lê wat hy of sy ten opsigte van 'n motorvoertuig ingevolge hierdie Wet of enige ander wet moet hê;

*(h)* beslag lê op enige lisensie of dokument wat ingevolge paragraaf *(g)* aan hom of haar voorgelê is en wat na sy of haar mening bewys kan lewer van 'n oortreding of ontduiking van 'n bepaling van hierdie Wet of enige ander wet, en waar daar aldus op enige lisensie of dokument beslag gelê word, moet die inspekteur 'n kwitansie ten opsigte daarvan aan die betrokke persoon uitreik;

*(i)* van enige persoon, hetsy daardie persoon in 'n voertuig is of nie, vereis om sy of haar naam en adres en enige ander besonderhede wat vir sy of haar identifikasie nodig is, te verstrek, asook enige inligting wat hy of sy in staat is om te verstrek en wat tot die identifikasie van die eienaar, operateur of bestuurder van die betrokke voertuig kan lei;

*(j)* van enige persoon vereis om aan hom of haar enige inligting te verstrek waartoe hy of sy in staat is en wat kan lei tot die identifikasie van die bestuurder, eienaar, operateur of persoon in beheer van 'n voertuig te eniger tyd of gedurende enige tydperk; of

*(k)* te eniger redelike tyd, met inagneming van die omstandighede van die geval, sonder voorafgaande kennisgewing, en in die uitoefening van enige bevoegdheid of die uitvoering van enige plig wat hy of sy ingevolge hierdie Wet of enige ander wet gemagtig is of vereis word om uit te oefen of uit te voer, enige perseel binnegaan waar hy of sy rede het om te glo dat 'n voertuig gehou word.

**Bevoegdhede en pligte van ondersoeker van voertuie**

**3G.** (1) 'n Ondersoeker van voertuie kan enige voertuig inspekteer, ondersoek of toets ten einde vas te stel of dit padwaardig is en vir dié doel kan hy of sy die voertuig of enige gedeelte daarvan of die toerusting of bybehore daarvan uitmekaar haal: Met dien verstande dat die ondersoeker enige voertuig aldus uitmekaar gehaal, moet monteer, of enige voertuig aldus uitmekaar gehaal, moet laat monteer, na dieselfde toestand voordat dit uitmekaar gehaal is, tensy die persoon in beheer van die voertuig hom of haar versoek om dit nie te doen nie.

(2) 'n Ondersoeker van voertuie kan enige voertuig bestuur wanneer dit nodig is by die uitvoering van sy of haar pligte, mits hy of sy, in die geval van 'n motorvoertuig, gelisensieer is om 'n motorvoertuig van die betrokke klas te bestuur.

**Bevoegdhede en pligte van toetsbeampte vir bestuurslisensies**

**3H.** (1) 'n Toetsbeampte vir bestuurslisensies moet enige aansoeker om 'n leerlinglisensie of bestuurslisensie op 'n wyse en ten opsigte van die aangeleenthede soos voorgeskryf, toets ten einde te bepaal of daardie aansoeker geskik en bekwaam is om 'n leerling- of bestuurslisensie vir die klas voertuig waarom hy of sy aansoek doen, te verwerf.

(2) Geen toetsbeampte vir bestuurslisensies mag 'n aansoeker om 'n bestuurslisensie ingevolge hierdie Wet toets nie, tensy die toetsbeampte self gelisensieer is om 'n voertuig te bestuur van die klas ten opsigte waarvan die aansoeker aansoek doen om 'n bestuurslisensie te verwerf, of van die klas wat voorgeskryf word.

**Bevoegdhede en pligte van verkeersbeampte**

**3I.** Benewens die bevoegdhede en pligte kragtens hierdie Wet aan hom of haar verleen of opgedra, kan 'n verkeersbeampte behoudens die bepalings van hierdie Wet of enige ander wet—

*(a)* enigeen van die bevoegdhede of pligte wat kragtens artikel 3F aan 'n inspekteur van lisensies verleen word, uitoefen of verrig;

*(b)* wanneer hy of sy in uniform is, van die bestuurder van enige voertuig vereis om daardie voertuig tot stilstand te bring;

*(c)* enige deel en die werking van enige voertuig, en die toerusting daarvan, inspekteer en toets of laat inspekteer of toets deur 'n persoon

any vehicle, and the equipment thereof, with a view to ascertaining whether the vehicle concerned or the functioning thereof and the equipment comply with the provisions of this Act: Provided that no officer or person instructed by the officer to inspect or test such vehicle shall, in the exercise of the power hereby conferred upon him or her, dismantle the mechanism or any working parts of any motor vehicle unless he or she is also a qualified motor mechanic or has passed an examination for examiners of vehicles as prescribed, and if he or she has so dismantled the vehicle, he or she shall reassemble the dismantled mechanism or parts to the same condition in which it was before it was dismantled unless he or she is requested by the person in charge of the vehicle not to do so;

